

# KOERSVAS

Jaargang 6      Uitgawe 130 23 Februarie 2018


In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL


### Onbegrensde denke



Verskeie vertaalmoontlikhede is al aan die hand gedoen vir die term "*out-of-the-box thinking*". Daardie vermoë om buite die parameters van die konvensionele te dink en oplossings te bied wat verstommend verfrissend en tog verbasend eenvoudig is. Radikale denke, multi-dimensionele denke, transformasionele denke, parallelle denke, kreatiewe denke en onbegrensde denke is almal bruikbaar. Daar is gekies vir laasgenoemde. Onbegrensde denke is die vermoë om nuut te dink oor ou uitdagings. Ironies genoeg blyk die term "onbegrens" positief op die oor te val ten spyte van die negatiewe formulering. Daarmee sluit "onbegrensde denke" by implikasie alle vorme van wysheid – konvensioneel en onkonvensioneel - in.



modular  
ne bediening




Onbegrensde denke beteken soms bloot om die probleem anders te verwoord en deur hierdie ander benadering nuwe uitdagings raak te sien. Die droogte wat Kaapstad teister, is 'n uitstekende voorbeeld. Die standaard wysheid is dat Kaapstad midde in 'n krisis staan omdat daar 'n droogte is, Kaapstad het 'n water-tekort. Die standaard oplossings sentreer rondom damme bou en water bespaar.

Onbegrensde denke stel dat Kaapstad nie 'n water-tekort het nie, maar wel 'n suwer water tekort het. Ons wetgewende hoofstad is langs die see geleë. Meer as 70% van die aarde se oppervlakte is onder (see)water. So gesien, is die uitdaging om genoeg effektiewe ontsoutings- en suwerings aanlegte te bou om aan die groeiende stad se behoeftes te voldoen.

Nie alles vra na onbegrensde denke nie, en tog is daar situasies wat net soveel beter hanteer kan word met sodanige denke. Is dit net sekere mense wat hierdie vorm van denke het? Indien dit binne die meeste mense se bereik is, hoe stimuleer jy daardie denkpatrone? Daar word baie antwoorde gebied en tegnieke voorgestel.

Enkele van die voorstelle word hier genoem:

Moenie alles lees wat jy glo nie. Die stelling klink by nadere luister eers vreemd. Tog dui dit op 'n swak plek in baie mense se mondering. Indien 'n mens net dit wat jy glo en waarvan jy oortuig is lees, pas jy volstruisdenke toe. Indien jy nie wyer as jou oortuiging lees nie word jou denke nie aan alternatiewe blootgestel nie en hoor jy nie ander perspektiewe nie. Verruim jou denke deur alternatiewe lektuur te lees. Jy kan dit doen vanuit 'n vaste oortuiging dat dit wat jy glo, reg is.



Skryf 'n gedig. Dit hoef nie 'n goeie gedig te wees nie. Ons is nie almal 'n tweede Totius nie. Tog is dit so dat die spel met woorde en gedagtes die mens se verstand help om nuwe denkpatrone te ontdek en kreatiewe prosesse van stapel te stuur.



Kyk na 'n ander industrie. Die aard van die sakewêreld dwing mense om te spesialiseer. By oordrywing kan ons amper stel dat mense al hoe meer weet oor al hoe minder totdat hulle alles weet van niks. Dit is tog ionend om net so nou en dan oor die besigheidsheining of die kunsraam te loer om te sien hoe iemand anders 'n saak aanpak. Baie maal manifesteer 'n probleem op verskeie terreine en elkeen hanteer dit met die kennis en denkraamwerk tot hul

beskikking. Om na te aap, is soms 'n opregte vorm van iemand vlei.

Draai die papier onderstebo. Ons ken almal daardie prentjies wat twee vorme in een prentjie verskuil. Die soek na beide prentjies dwing die brein om in hoogste rat te gaan om die oplossing te vind. Net so kan 'n nuwe blik op 'n ou probleem nuwe energie losmaak wat tot kreatiewe oplossings kan lei.



Ons moet in die GHG beslis 'n oog en 'n oor oophou vir onbegrensde denke. Die ou vraag na die oordra van die Evangelie in nuwe kontekste maak dat ons getrou aan die Evangelie tog die nuwe situasie moet oorwin. Ou antwoorde gaan nie noodwendig die beste wees nie. Die gebruik van tegnologie moet byvoorbeeld nie onderskat word nie. Daar is reeds vele GHG-preke op *you-tube* beskikbaar. Lidmate so ver soos Taiwan en Sjina ontvang 'n "whatsapp" wat 'n volledige preek bevat. Wat verhinder ons om die oordrag van 'n leespreek aan te pas by ons tegnologiese fasilitate? Die predikant neem die hele preek op video (in stede van die preek neerskryf). Die ouderling lees steeds die wet en belydenis, en die preek word op die skerm vertoon. Natuurlik moet die manende stemme gehoor word rondom toeskouer mentaliteit, persoonlike kontak, opsig en vele ander besware. Tegnologie kan nooit die ware Jakob vervang nie. Tog is daar situasies aan te dui waar tegnologie al baie effektief gebruik is. Onbegrensde denke is nodig oor vele uitdagings ten opsigte van ons roeping as gelowiges.

**BERIGTE EN KENNISGEWINGS  
POTCHEFSTROOM:  
STUDENTE EN JONG, WERKENDE  
LIDMATE**

- Die Hervormde Kerk - Die Wilge, verwelkom alle studente en jong, werkende lidmate in Potchefstroom. U word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon en by die gemeente-aktiwiteite in te skakel.
  - Die kerk is op die h/v Waterboklaan en Vygiestraat, Miederpark, Potchefstroom
  - Eredienste is (slegs) Sondag-oggend om 9h30.
  - Vervoer kan gereël word, indien nodig.
  - Ds Gawie Wolmarans (082 853 3053) is 24 uur beskikbaar in geval van nood."
  - Kontak-inligting van eerstejaar-, sowel as huidige studente, asook werkende lidmate kan deurgegee word aan ds Gawie Wolmarans (082 853 3053) en Liza le Roux (072 442 8515). Inligting kan ook per e-pos gestuur word.
  - Die Wilge ontvang graag u gemeente se "kinders" en wil graag na hulle omsien in die tydperk wat hulle in Potchefstroom is. Dankie vir u aandag.
- Wilge-groete

**PREMIERMYN 50**



Premiermyn Hervormde kerk is hierdie jaar 50 jaar oud. Die amptelike verjaarsdag was 10 Februarie. Die gemeente gaan in die loop van die jaar 2018 verskeie geleenthede aanbied om die mylpaal te vier, waaronder

die Ricus Nel-konsert, die Hippie lente basaar en 'n feesbundel wat uitgegee word. Die eerste feesgeleentheid was Nagmaal en daarmee saam 'n gemeente ete. Op 18 Februarie 2018 was die kerk en die saal stampvol gewees. Meer as 215 lidmate het die Nagmaal gebruik en meer as 180 mense het na die tyd heerlik saam geëet. Lidmate wat fotos of staaltjies wil bydra vir opname in die feesbundel kan skakel met ouderling Tom Greeff (skriba) by 0824458881 of [tomcases@lantic.com](mailto:tomcases@lantic.com).



**Te huur: Bloemfontein**

Tuinwoonstel vir die ernstige student  
Nuut ingerigte enkelwoonstel met  
ommuurde privaattuin. Ingeboude kaste,  
Kombuskaseenheid  
Aangrensende badkamer met stort en  
voorsiening om eie wasmasjien te koppel.  
Lugreëling Veilige en goedbeligte parkering  
Kostes: Huur R 3,000 per maand met  
deposito van R 3,000. Betaal eie krag – daar  
is meter vir lees van eenhede gebruik  
Ingesluit: Aparte alarm

Water mits spaarsamig gebruik (Mangaung het tans waterbeperkings)

Opsie: Kan inkoop op bestaande Telkom LTE – internet

Daar is plek op plaveisel vir eie mobiele braai-eenheid. Huurder verskaf self: Eie gordyne, meubels en toerusting (yskas ens).

Reëls: Geen troeteldiere, Geen geraas

Vir navrae en besigtiging skakel 076 061 0129



### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### **GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)**

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente

se lootjie vorms. Alle lootjie vorms moet asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjie lyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologie studente.

### **MAKWASBYEENKOMS**

Alle emeriti, hul gades en ander predikante word uitgenooi na die jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiernyn Hervormde kerk, Cullinan. Om winterkoue te voorkom, is die jaarlikse instelling se datum verskuif na **DV Vrydag 23 Februarie 2018..** Ons sien uit daarna om u hier te sien. Alle insette is welkom.

### **MEDIAVERKLARING**

#### **Calvinistiese Alliansie**

Lasterlike uitsprake deur die president

In sy repliek na die debat oor die Staatsrede, het president Ramaphosa onder andere die volgende uitlatings gemaak:

"The taking of land from the indigenous people of this country was the original sin..."

"We are called on to heal the divisions and the pain of our past and this is a collective task," the president said. "It's not the task of the ANC alone, it's our task as a nation."

Hierdie is ongelukkig 'n duidelike herverbintenis deur die ANC, en in afwesigheid van politici se beswaar, 'n verbintenis van 'n nominaal Christelike land aan die mistastings en dwalings van die Bevrydingsteologie.

Teen daardie vals beskouing van sonde en versoening moet ons verkondig dat die Bybel onomwonne verklaar:

Sonde is ten diepste opstand teen God en Sý gebod - 'n gebod wat geld vir elke mens, wie dit erken én wie dit verwerp of ontken.

- Terwyl die term "oorspronklike sonde" nie in die Bybel voorkom nie, verstaan ons die term as erfsonde, as die tragiese rede van alle verval en wanorde in ons wêreld en lewe.

[Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikel 15]

- Om dus hierdie term te verdraai duï op uiterste hoogmoed en laster. Dit is om op vals gronde politieke standpunte Bybels te probeer regverdig.

Verder verklaar die Bybel dat ons nood nie na aardse herstel is nie, maar na versoening met God deur die middelaarskap van die Here Jesus Christus.

- Om "versoening" opnuut te vervlak na die horizontale is niks minder nie as dat die uitvoerende gesag homself verhef naas (oor?) God, en daarmee die eerste gebod oortree.

Dit is dus van uiterste belang dat belydende Christene opnuut ons roeping in oorweging sal neem.

- Terwyl God gesag verleen aan wie Hy wil, soos Hy wil vir solank Hy wil, mag ons nooit uit die oog verloor dat ons Hóm alléén moet dien, eer en dank vir sowel die skepping, as ons onderhouding daarbinne nie.

21 Februarie 2018



#### MAJUBAFEES 2018

##### Vrydag 23 Februarie

18:00 Opening, verwelkoming en kranslegging by die monumente  
(Sal in die saal voortduur in geval van reën)

18:15 Groete boodskap uit Vlaandere – Hector van Oevelen (5 minute)

19:00 Fakkelloop

19:30 Historiese film oor Majuba – HS van Blerk saal

##### **Saterdag 24 Februarie**

08:00 Vlaghysing – CVO Gromar

08:05 Opening

08:15 Verwelkoming en oorhandiging van wisseltrofee – Hannes Scholtz

08:25 Aankoms van ossewa

08:35 Vlagtentoontelling – Perdekommndo

08:45 Feesrede – Ds. Martin Jordaan

09:00 Afvuur van Grietjie

Bestygging van die berg

Vertelling van geskiedenis op Gordon's Knoll – Jan Beyers

Samesang by Hayes se koppie

09:30 Skyfskiet

13:00 Skyngeveg – Dundee Diehards en Bittereinder Kommando

13:30 Boeresport

14:00 Volkspel – HS van Blerk saal

14:30 Jukskei

16:30 Potjiekoskompetisie: beoordeling begin

18:00 Cantille vir die jeug

20:00 Cantus vir studente en volwassenes  
U word vriendelik versoek dat geen persone die berg Saterdagoggend bestyg voordat die openingseremonie afgehandel is nie.

##### **Sondag 25 Februarie**

08:00 Skrifoordeking – Ds. Ruan Combrink

09:00 Bedankings – Hannes Scholtz

09:15 Afsluiting – 4de strofe van die Stem

09:20 Vertrek

<http://majubafees.co.za>

#### KUIERAAND

Premiermyn Hervormde kerk (Cullinan) nooi u vriendelik uit na 'n aand saam met Ricus Nel. Die begaafde kunstenaar gaan op 10 Maart 2018 vanaf 19:00 daar optree.

Kaartjies is net R130 per persoon. U kan kerrie en rys bestel @R35, vroeër kom, lekker saam eet en dan die vermaak geniet. Skakel met Alta 0826801252 of epos Yvette by [zyvetto@gmail.com](mailto:zyvetto@gmail.com).

#### OORNAG FASILITEITE

##### **Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by  
**Villa Stoney**  
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en  
besprekings 0829082831  
[auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

#### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

*Riaan Visser*

10 Maart 2018  
om 19:00

*Hervormde Kerk,  
Cullinan*

*H/v Zonderwater & R515*

*R130-00 per persoon*

*Kerrie & Rys R35-00*

*bestel vooraf by Alta*

*Besprekings:*

*Alta 082 682 1252*



# Hervormde Kerk Roedtan

(Lid van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes)

Adres: H/V Bosman en Jacobstraat; Roedtan

Kontakbesonderhede:

Alta Jacobs 081 505 2051

Ds FNS Marais 082 747 4847

## JAGKOMPETISIE 2018

Graag wil ons namens die Hervormde Kerk Roedtan aan u die geleentheid bied om deel te wees van u eie unieke jagkompetisie om fondse te genereer sonder om 'n sent uit te lê.

Ons voorsien al die kaartjies (boekies) sowel as die jag en jagpakket asook die omsien en akkommodasie van die jagters gedurende die jag.

### OPSIE 1

Al wat u moet doen is om soveel as moontlik boekies ter waarde van R600-00 (R60/kaartjie) elk te verkoop. 50% van die inkomste is vir u sak terwyl die oorblywende 50% sowel as die teenblaadjies aan Gemeente Roedtan terugbesorg moet word voor of op 18 Mei 2018. U sal vind dat daar 11 kaartjies in 'n boekie is. Die addisionele kaartjie kan gratis aan die persoon wat die boekie verkoop gegee word, of as gemeente kan u besluit om die R60 deel te maak van u inkomste. Indien u dus byvoorbeeld 50 boekies verkoop sal die som soos volg lyk:

50 boekies @ R600/boekie = R30 000-00

R15 000 word oorbetaal aan Gemeente Roedtan en R15 000 is vir u inkomste.

Indien u sou besluit om die 11de kaartjie vir u inkomste te verkoop sal u wins R18 000-00 beloop.

### OPSIE 2

Om 'n minimum van 50 boekies vooruit te betaal vir 'n bedrag van R10 000-00 en sodoende afslag te bewerk en op die manier vir u 'n groter wins te genereer . Die elfde kaartjie is nog steeds gratis en kan gebruik word vir bemarking / addisionele inkomste. Dit staan u vry om soveel pakkette as wat u wil, te neem.

In die geval sal die som soos volg lyk:

50 boekies @ R600/boekie = R30 000-00

Aangesien u die pakket vooraf betaal het (@R10 000) maak u R20 000-00 wins.

Indien u sou besluit om die 11de kaartjie vir u inkomste te verkoop sal u wins R23000-00 beloop.

Vir enige navrae kan Hardus de Beer gekontak word by 0823881215.

Met dank

Hervormde Kerk Roedtan.

# Hervormde Gemeente Roedtan

ter waarde van

# BILTONG JAG R50 000

\*Prys nie verhandelbaar of oordraagbaar nie!



Beoordelaars trekking is finaal en op 10 Junie 2018



## AKKOMMODASIE - SELFBEDIENING:

- Lugreëling • verhitte swembad • braaigeriewe
- volledige kombuisgeriewe • vries- en yskas • ysmasjien
- DSTV • skoonmakers • gitse • oplaai & afslag van wild.
- Koelkamer geriewe - alles vir u gerief !!

## Jagpakket:

**11-15 Julie 2018**  
Verblyf vir 10 persone vir  
5 dae by Harlou Jagpleas  
- Roedtan

1 x Blouwildebees  
2 x Rooibokke  
2 x Blesbokke  
2 x Vlakvarke  
1 x Rooihartebees

Koets per Kaartjie:  
**R60**

# DIE OORD PV3

## KARNAVAL

**SATERDAG**  
**14 APRIL 2018**

**9H00 TOT 14H00**

~~~~~

STALLETJIES:

**KOS**

PANNEKOEK

ROOMYS

POEDING

KOELDRANK

TEE EN KOFFIE

VERKOPE:

TUISNYWERHEID

PLAASSTAL

WIT OLIFANT

**TOMBOLA**

FOTO HOEKIE

VERSKEIDEHEID SPELETJIES

VIR OUD EN JONK

~~~~~

DIE OORD PV3 IS GELEE OP DIE

R513 HARTEBEESPOORTDAM

**GPS:**

-25.702552, 27.852534

25°42'09.2"S 27°51'09.1"E

\* DIE OORD KAN GEKONTAK WORD:

(E) OORDPV3@IAFRICA.COM

(T) 012 253 0750/1/2

(W) WWW.OORDPV3.CO.ZA

\* TOEGANGSFOOI:

R20 PER MOTOR

KOM GENIET 'N FEESTELIKE OGGEND

SAAM BY ONS JAARLIKSE

FONDINSAMELTINGS KARNAVAL

TIEN BATE VAN

INTELLEKTEULE GESTREMDE VOLWASSENES

IN 'N VEILIGE LANDELIKE OMGEWING.